

Sing vooraf: Psalm 130:3 (p. 636)

- 3 Soos een wat op die mure / as wagter uitgestel,
gedurigdeur die ure / met sy gedagte tel –
so wag my siel, en sterker, / gedurig op die HEER,
tot Hy, die Ligbewerker, / die nag in daagraad keer.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.
Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die
kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Lofpsalm 128:1 (627)

- 1 Wie deur Gods vrees bewoë, / trou op die weg wil gaan,
waar hom Gods wil voor oë / en klaar getekend staan
die arbeid van sy hande / sal hy met vreug geniet
wanneer die koringlande / met seen hul opbrings bied.

Gebed

- **Doksologie:**
 - **Aanbidding:**
 - **Skuldbelydenis:**
 - **Vergifnis:**
 - **Dank:**
 - **Smeking vir die nood van die gemeente en voorbidding vir die kerk,
owerhede en sondige wêreld, asook die beroep op die beloftes van God:**
 - **Algemene bede:**
 - **Verligting van die Gees ter wille van die Woorddiens:**
- Amen.

Psalm 8:4, 5 (p. 31)

- 4 wat is die mens dan dat U hom gedenk het, / die mensekind wat U so ryk beskenk het!
Met eer en heerlikheid is hy gekroon, / skaars minder as die eng'le om u troon.
- 5 U laat hom heers. Tot aan die verste strande / gebied hy oor die werke van u hande.
U het, o HEER, dit onder hom gestel, / dit hoor sy stem en beef voor sy bevel.

Skriflesing: Filippense 4

Teks: Filippense 4:19; Kategismus Sondag 50

**En my God sal elke behoefte van julle vervul na sy rykdom in
heerlikheid deur Christus Jesus. (Filippense 4:19 AFR1953)**

Ons lewe en ons gebede moet altyd in die teken daarvan staan dat die eer van God baie
groter is as ons eer. *Daarom moet dit vir ons baie belangriker wees dat die Here verheerlik
word in ons lewens as wat dit is dat ons nood wat ons mag ervaar, verlig moet word.*

Ons het nou al in van die vorige preke gekyk wat dit beteken as ons bid dat die Here sy
koninkryk moet laat kom en sy wil moet laat geskied.

Vanaand kyk ons na die deel van ons gebede waarin ons bid vir daaglikse versorging. Ons
kyk na verskillende aspekte wat deel vorm van ons gebed wanneer ons bid vir versorging:

- 1. Ons moet die algenoegsaamheid van God bely.**
- 2. Ons moet bid vir versorging, maar ook werk!**

1. Die eerste aspek is dat hierdie deel van ons gebed die algenoegsaamheid van God moet bely.

Die Here is so almagtig dat daar niks of niemand is wat Hom kan beperk nie.

- Hy kan enige iets voorsien as Hy wil, maar terselfdertyd kan Hy ook alles van ons terughou as Hy wil.
- Dink maar aan die drie jaar en ses maande wat Hy alle reën en dou terughou het in Elia se tyd.

Die ewige en onmeetbare bestaan van die Here maak dat Hy sy genade kan uitdeel soos wat dit Hom behaag.

- Hy laat reën oor regverdiges en onregverdiges.
- Hy voed elke dag al die biljoene mense wat op die aarde lewe – ongeag of hulle gelowiges is of nie.
- Ons gebede moet erken dat die Here die Enigste Bron is waarvandaan alles kom wat ons nodig het.

Ons moet natuurlik ook ons gesamentlike afhanklikheid van die Here bely.

- Ons mag nie uit verwaandheid bid nie – daar is gelowe wat dink dat 'n mens die Here kan dwing om ons tegemoet te kom.
- Die feit is net dat daar geen mens is wat iets van God kan eis nie. Ons kan net hê wat die Here vir ons beskik – en dit geld vir alle mense.
- Daar is nie so iets dat die persoon wat bid self bepaal of sy gebed meer of minder invloed by die Here het nie.
 - Byvoorbeeld, dat 'n ryk man wat hoë aansien in die gemeenskap het, meer geredelik deur die Here verhoor sal word as wat die Here 'n arm sukkelaar sal verhoor nie.
 - Die Here verhoor en seën in sy ondeurgrondelikheid wie Hy wil.

Het u al daarvoor gedink dat die seën van die Here meestal verborge seëninge is? Wie seën jou sodat jy met smaak kan eet?

- Die Here gee al die dinge wat ons as vanselfsprekend aanvaar – en baie keer is dit dinge wat ons dink dat ons dit self in die hande kry.
 - Dink maar aan dinge soos 'n dak oor ons kop, klere, brandstof in die motor, werkseleentheid, liggaamskrag en gesondheid.
 - In letterlik alle dinge is ons volkome van God afhanklik.

Daarom moet ons ook elke dag bid vir die Here se versorging. In die geloof het ons twee afstande waarna ons vooruit moet kyk.

- *Die een is die horison van die tyd* wanneer die Here op die wolke kom, want dan gaan ons in die volmaaktheid van God se heerlijkheid en van sy teenwoordigheid in.
- *Die ander een is dat ons ook tydsgewyse direk voor ons voete moet kyk en bid.*

Daarom moet ons die Here elke dag smee om ons deur daardie dag te neem, want ons en die dood staan net 'n handbreedte van mekaar af.

- Ons moet ook soos die voëls en die lelies lewe om elke dag van die Here se hand af te lewe.
- Ons kan nie byvoorbeeld Maandag 'n gebed gaan bid wat vir die hele week moet hou nie.
- Ons moet elke dag in die gebed na God toe gaan met alles wat ons nodig het.

2. In die tyd waarin ons lewe, is dit belangrik om net weer te beklemtoon dat ons saam met ons gebede dat die Here ons moet versorg, ook nog die roeping het om te werk.

Elke mens moet werk. Dit was die heel eerste opdrag wat die Here vir ons gegee het.

- Die Here gebruik inderdaad ons eie handewerk om brood op die tafel te kry, en klere aan ons lywe.
- Solank ons net onthou dat werk *sonder geloof en gebed* geen toekoms waarborg nie.
- Dink hier aan die gelykenis van die ryk dwaas.

Ons kan ook nie bid vir iets en dan maar net lydelik sit en wag dat die Here dit iewers vandaan moet gee nie.

- Die Here kan wonders doen, en Hy doen dit ook, maar Hy weier dat ons passief lewe en van sy genade ons slaaf maak.
- *Dit beteken nie dat die Here net voorsien wanneer ons werk doen nie.*
- *Dit is vir Hom moontlik om enige iets selfs deur 'n wonder te voorsien, maar Hy wil hê dat die reël moet wees dat ons ons verantwoordelikheid om te werk moet nakom.*

Ons gebed kan nooit vervang word met werk of geld nie.

- Ons moet bid en werk.
- Die Here moet gedien en geëer word deur ons handewerk.

Die Here het ons juis op die aarde geskape waar alles middellik gebeur.

- Brood val nie uit die lug nie. Die Here wil hê dat ons moet ploeg en plant en oes om brood op die tafel te kan hê.
- Hy seën ons werk, want Hy laat die saad ontkiem en Hy gee vrugbaarheid, maar Hy gee dit binne die raamwerk van ons gehoorsaamheid aan Hom.

In die *Onse Vader* bid ons vir ons daaglikse brood. Dalk is daar van ons wat nie mooi besef wat ons bid nie.

- Ons bid met daardie woorde dat ons tevrede is met wat God ons gee vir elke dag.
- Vir baie mense is dit baie swaar om te aanvaar wat hulle het.

Ons gebed moet so opreg wees dat dit vry is van alle kunsmatige tevredenheid.

- Ons moet totale berusting hê in die Here se seën.
- Maar dan moet ons ook die gemoedsrus hê dat ons nie veragter het in die Here se seën omdat ons te lui of te sleg is om te werk nie.

Die teksvers uit Filippense vat dit alles saam: *Die Here se rykdom is onnoembaar groot.*

- Hy maak ons vol daarmee. Met ander woorde, Hy versorg ons met alles wat ons nodig het.
- Hy gee nie net vir hierdie lewe genoeg nie.
- Hy gee veral vir die toekomstige lewe oorvloedig, want Hy seën ons met die heerlikheid van Jesus Christus.

Dit beteken dat die Here ons seën met verlossende genade.

- Die Here Jesus Christus se oorwinning waarborg aan ons 'n lewe waar daar geen gebrek is nie.
- Hy maak 'n plek gereed waar daar oorvloedige volmaaktheid is.
 - Dis 'n heerlikheid wat ons nie verdien nie, maar wat juis deur sy bloed gekoop is.
 - Dis 'n rykdom waar armoede aan brood en klere verbygegaan het.
- Ons moet altyd onthou dat ongeloof en onvergenoegdheid ons gebed bederf.
- Daardie houding bevraagteken in onself die Here se vermoë om ons te seën en genadig te wees.

Kom ons bid en glo in volle afhanklikheid van die Here vir alles wat ons nodig het.

Kom ons lees Kategismus Sondag 50 saam.

Vraag 125: Wat is die vierde bede?

Antwoord: Gee ons vandag ons daaglikse brood. Dit is: *Versorg ons met alles wat vir die liggaam nodig is (a), sodat ons daardeur erken dat U die enigste Bron is van alles wat goed is (b), en dat al ons sorg en arbeid en ook u gawes sonder u seën ons nie kan baat nie (c). Gee daarom dat ons ons vertrouwe van alle skepsele aftrek, en op U alleen stel (d).*

(a) Ps 145:15; 104:27; Matt 6:26. (b) Jak 1:17; Hand 14:17; 17:27. (c) 1 Kor 15:58; Deut 8:3; Ps 37:16; 127:1, 2. (d) Ps 55:23; 62:11; 146:3; Jer 17:5, 7.

Amen.

Slotgebed

Slotpsalm 118:8 (p. 577)

- 8 Gods regterhand is hoog verhewe, / sy regterhand is groot van daad;
dit laat van skrik die wêreld bewe, / maar hef sy volk uit lyde en smaad.
Ek sal nie kwyn in slawebande / wat my ter dood toe wil omknel;
ek sal nie sterf deur vyandshande, / maar al Gods werke bly vertel.

Die genade van die Here Jesus Christus en die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees bly by u almal.

Amen.

Dr MJ du Plessis
Gereformeerde Kerk Bellville
Datum: 11 Maart 2007
Hulpdienspredikant Clanwilliam
Datum: 3 Maart 2013